

Breek weg uit jou gemaksones uit

Joh 14:21 Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.



Gemaksones / Comfort Zones

’n Gemaksone is ’n sielkundige toestand waarin ’n persoon tuis, op sy gemak en in beheer voel en lae vlakke van angs en stres ondervind – ’n sielkundige toestand waarin ons meesal ingelig en in beheer voel.

Wat gebeur as jy in ’n negatiewe gemaksones vasgevang is?

1. Jy groei nie.
2. Jy volg en aanvaar ander se opinies en sienswyse.
3. Oop deure maak jou bang.

If you always do
what you've always
done, you'll always
get what you've
always got.

Henry Ford

Wat leer ons by Jesus oor gemaksones?

- Hy het sy godheid prysgegee om mens te word, gebore in 'n stal ...

Lewe jy as 'n eie ek?

Markus 10:45 Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie.

Johannes 12:25 Wie sy lewe liefhet sal dit verloor, maar wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe.

- Hy het geregtig gelewe, ter wille van ons ...

Wat laat jy in jou lewe toe as gevolg van jou gemaksones?

Romeine 12:2 En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is

DIE SEUN VAN GOD ...



... WORD ...

... DIE SEUN VAN MENS

Wat leer ons by Jesus oor gemaksones?



- Hy is gekruisig ...

Wees bereid om omgemaklik te wees.

Markus 16:15 En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.

- Hy het die dood oorwin ...

Is jy besig om te oorwin of is jy gemaklik?

Jeremia 29:11 Want ek weet watter gedagtes ek aangaande julle koester, spreek die Here, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee.



Wat leer ons by Jesus oor gemaksones?



- Sy boodskap was teenstrydig met sy eie volk ...

Is jy gemaklik om te "go-with-the-flow".

Matthéüs 10:34 Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard.

Matthéüs 10:35 Want Ek het gekom om tweedrag te verwek tussen 'n man en sy vader, en tussen 'n dogter en haar moeder, en 'n skoondogter en haar skoonmoeder.

- Vandag tree Hy nog steeds vir ons in by die Vader ... al weet hy ons is nie perfek nie ...

Staan jy in bres vir die mense om jou?

Eségiël 22:30 En Ek het onder hulle 'n man gesoek wat 'n muur kan bou en voor my aangesig in die bres kan staan vir die land, sodat Ek dit nie sou verwoes nie maar Ek het niemand gevind nie.



Wat leer ons by Jesus oor gemaksones?



- Jesus heg waarde aan geregtige vriendskappe ...

Is jou vriende gemaksvriende?

Markus 2:1 En na 'n paar dae het Hy weer in Kapérnaüm gekom, en die mense het gehoor dat Hy in die huis was.

Markus 2:2 En dadelik het baie saamgekom, sodat daar selfs by die deur nie meer plek was nie; en Hy was besig om aan hulle die woord te verkondig.

Markus 2:3 En daar kom mense na Hom met 'n verlamde man wat deur vier gedra word.

Markus 2:4 En toe hulle vanweë die skare nie naby hom kon kom nie, maak hulle die dak oop waar Hy was, en nadat hulle dit oopgebreek het, het hulle die bed waar die verlamde op lê, laat afsak.

Markus 2:5 En toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde: Seun, jou sondes is jou vergewe!

Markus 2:6 En sommige van die skrifgeleerdes het daar gesit en in hulle harte geredeneer:

Markus 2:7 Waarom praat hierdie man godlasterlik? Wie kan sondes vergewe, behalwe Een, naamlik God?

Markus 2:8 En Jesus het dadelik in sy gees geweet dat hulle by hulleself so redeneer, en Hy sê vir hulle: Wat redeneer julle oor dinge in jul harte?

Markus 2:9 Wat is makliker, om vir die verlamde te sê: Die sondes is jou vergewe! of om te sê: Staan op en neem jou bed op en loop?

Markus 2:10 Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op die aarde sondes te vergewe – sê hy vir die verlamde man:

Markus 2:11 Ek sê vir jou: Staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe.

Markus 2:12 En dadelik staan hy op en neem sy bed op en gaan voor die oë van almal uit, sodat almal verbaas was en God verheerlik en sê: So iets het ons nog nooit gesien nie.

Wat leer ons by Jesus oor gemaksones?

- Wanneer Jesus opdaag, verpletter hy gemaksones!

Vra die Here vir hulp.

Markus 1:21 En hulle het in Kapérnaüm gekom, en dadelik op die sabbat het Hy in die sinagoge ingegaan en begin leer.


Markus 1:22 En hulle was verslae oor sy leer, want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het en nie soos die skrifgeleerdes nie.

Markus 1:23 En daar was *in hulle sinagoge 'n man met 'n onreine gees*; en hy het uitgekreeu

Markus 1:24 en gesê: Hou op! Wat het ons met U te doen, Jesus, Nassaréner? Het U gekom om ons te verdelg? Ek ken U, wie U is: die Heilige van God!

Markus 1:25 En Jesus het hom bestraf en gesê: Bly stil en gaan uit hom uit!

Markus 1:26 En die onreine gees het hom stuiptrekkings laat kry en met 'n groot stem geskreeu en uit hom uitgegaan.



Wat moet ons doen, as kinders van die Here, sodat ons nie vasgevang word in negatiewe gemaksones nie?

1. Laat Jesus in om gemaksones te verpletter!
2. Staan op vir dit wat die Here jou leer en openbaar en wees 'n voorbeeld.
3. Wees bereid om ongemaklik te wees.
4. Moenie net aan jouself dink nie – staan in bres vir mense.
5. Maak seker jy het vriende wat dakke vir jou sal breek.

Ja, dit kan ons bang maak, maar ...

Josua 1:9 *Het Ek jou nie beveel nie: Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie; want die Here jou God is met jou, oral waar jy heengaan.*

Filippense 4:13 *Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.*

Deuteronómium 31:8 *En dit is die Here wat voor jou uit trek; Hy sal met jou wees; Hy sal jou nie begewe of verlaat nie; jy mag nie bevrees of verskrik wees nie.*

II Timótheüs 1:7 *Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.*

Jesaja 41:10 *Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou, kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddened regterhand.*

Nagmaal

Die Nagmaal is deur Jesus self ingestel –
Mat 26:26-28

- **Mat 26:26** En terwyl hulle eet, neem Jesus **die brood**, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels en sê: **Neem, eet, dit is my liggaam.**
- **Mat 26:27** Toe neem Hy die **beker**, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: **Drink almal daaruit.**
- **Mat 26:28** **Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.**

